

**Nuwe drome vir nuwe werklikhede.**  
**Geloofsgemeenskappe in pas met 'n**  
**postmoderne wêreld**  
**Nelus Niemandt (2007)**  
**Wellington: Lux Verbi**  
**ISBN-10:0 7963 0632 X**  
**ISBN-13: 978 07963 0632 6**



**N**elus Niemandt se boek *Nuwe drome vir nuwe werklikhede* beskryf Stephan Joubert “kop-oopmaak materiaal”. Dit is kreatief geskryf, interessant uitgelê en praat in gewone verstaanbare beelde met die leser. Niemandt staan beslis in die brandpunt van nuwe denke en het sekerlik heelwat navorsing gedoen om hierdie boek vir die kerkgemeenskap te skryf. Dit is belangrik dat musiekleiers en orreliste ook ingelig is oor sekere tendense wat nie geïgnoreer kan word nie: dit is hoe die werklikheid vandag is.

Hoe hanteer mens die tsoenami’s van die lewe? Soos Cilliers gee Niemandt ook ’n kort oorsig oor die geskiedenis sodat die leser insig kan hê oor die uitdagings van die tyd. Met die beskrywing van die modernisme en die postmoderne herken mens reeds tendense waarvan ons in koerante lees en debatte wat by sinodes en gemeentes gevoer word.

Praktiese wenke, interessante aanhalings van ander outeurs, aanbevelings van films wat betrekking op sekere onderwerpe het, maak die boek boeiend. God word as kunstenaar beskryf. In die skepping en natuur kan God as musikant gehoor word. So het ene Bernstein gesê hy lees Gen. 1 soos volg: “*God het gesing, en daar was lig. God het gesing en daar was plante en diere, God het gesing*” (Niemandt, 2007:113).

Niemandt gee wenke oor hoe daar nuut gedink kan word oor eredienste. ’n Interessante afdeling oor kreatiwiteit sluit orreliste en musiekleiers beslis by hierdie publikasie in.

Verskillende scenario’s word geskets – mens kan laer-trek of vorentoe reis. Vir dié wat vorentoe wil reis is daar verskeie opsies.